

Hoofstuk van die dag: 1 Kronieke 5

Ruben was die oudste seun van Israel, maar omdat hy bloedskande gepleeg het met ’n vrou van sy pa, is sy rang van oudste seun oorgedra op die seuns van Josef seun van Israel, en daarom word Ruben nie as oudste in die geslagsregister opgeneem nie. (1 Kron 5:1)

Destyds het die leierskap van ’n familie, met al die status en verantwoordelikhede daarvan, na die oudste seun gegaan (die sg. eersgeboortereg). Dit het o.a. beteken dat hy dubbeld soveel erf as sy broers. Vir Ruben was dit egter nie genoeg nie. Hy wou meer hê. Hy wou eintlik alles hê. Daarom lê hy beslag op sy pa se byvrou Bilha. Die een wat die harem oorneem, is immers baas. Daarom het Absalom ook, toe hy sy pa Dawid onttroon, heel eerste op Dawid se harem beslag gelê (2 Sam 16:21-22). Ruben het egter sy hand oorspeel, en só sy eersgeboortereg verbeur (Gen 35:22 en 49:4). Josef het daarom die dubbele erfporsie gekry. Sy twee seuns, Efraim en Manasse, het elkeen ’n volwaardige deel gekry.
Ruben het God se sorg verruil vir eiebelang en selfsug. Maar wanneer God nie meer jou enigste troos in lewe en in sterwe is nie (Heidelbergse Kategismus Vr 1), draai jou lewe vas.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026